

Logos Gemeente van Christus

Gee ons vandag ons daaglikse brood

Mat 6:9-15, Deut 8:1-20

19 April 2020

Hierdie week keer ons terug na ons bestudering van die Onse Vader as 'n riglyn vir die inhoud van ons gebede. Tot dusver het ons na die eerste drie bedes in die Onse Vader gekyk:

- Laat U Naam geheilig word – dit is die oorkoepelende doel in God se raadsplan, en daarom die eerste bede. Hier vra ons die Vader dat Hy sal toesien dat Sy Naam grootgemaak word. Daar is verskeie ander rolspelers wat moet bydra dat dit gebeur: die Seun, die Heilige Gees, die skepping, en ook ons.
- Laat U koninkryk kom – hier vra ons die Vader dat Hy sal toesien dat Sy koninkryk vol sal word, immers is dit juis in Sy koninkryk dat Sy Naam geheilig sal word. Die rolspelers hier is weer die Seun, die Heilige Gees en ook ons.
- Laat U wil geskied – hier vra ons die Vader dat Hy sal toesien dat Sy wil ook hier op aarde sal geskied soos wat dit alreeds in die hemel geskied, m.a.w. hier bid ons dat die koninkryksburgers gehoorsaam aan Sy wil sal leef – dis tog hoe Sy Naam geheilig word. Die rolspelers is weer die Seun en die Heilige Gees wat dit vir ons moontlik maak om na te kom.

Vandag kom ons dan by die vierde bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is direk duidelik dat hierdie bede die tweede deel van die Onse Vader inlei. Tot hiertoe het al die bedes begin met "Laat U...", terwyl die laaste drie bedes telkens die term "ons" bevat. Wat ons moet raaksien, is dat die eerste drie bedes 'n opsomming is van wat God se doelwit is: Sy Naam moet geheilig word deurdat Sy koninkryk vol sal word met burgers wat Sy wil doen. Dit is waarheen God op pad is. As ons dit goed beseef en dat ons aktiewe rolspelers is in elkeen van daardie drie bedes, dan is dit net eenvoudig so dat ons nou sekere dinge nodig het om hierdie rol te kan vervul. In hierdie laaste drie bedes kom ons dus na die Vader toe en vra Hom om in hierdie behoeftes te voorsien, sodat ons effektief mee kan werk om Sy doelwit te bereik.

In die vierde bede bid ons vir die voorsiening van ons daaglikse brood. Wat moet ons hieronder verstaan? Duidelik sluit dit ten minste ons daaglikse kos in. Dit is net eenvoudig so dat ons moet eet om krag te kan hê om die dinge te doen wat God van ons verwag volgens die eerste drie bedes. Is dit net kos? In Lukas 9:1-6 stuur Jesus die twaalf uit juis om die koninkryk van God te verkondig. En dan sê Hy vir hulle: "Moet niks vir die pad saamvat nie, nie 'n klerie of 'n reissak of brood of geld of nog 'n kledingstuk nie" Hulle moet hulle ook nie bekommer oor blyplek nie. Wat ons moet raaksien is dat brood genoem word saam met dinge soos klere, geld, klerie en 'n reissak. Hierdie is alles dinge wat jy nodig het as ondersteuning om die koninkryk te verkondig. Of kyk na Mat 6:25-34 waar Jesus lering gee oor die sogenaamde sorges van die lewe: In vers 31 sê Hy dat ons ons nie moet bekommer oor wat ons moet eet of drink of aantrek nie, en in vers 34 dat ons ook nie eers bekommerd moet wees oor die dag van more nie. Nee, waaroor ons bekommerd moet wees, is die koninkryk van God – en dan sal Hy ons al hierdie dinge gee. Ek dink twee dinge word duidelik:

- Brood is meer as net brood. Dit sluit alle kos in, ook klere, 'n klerie, 'n reissak (vervoermiddele), geld, woonplek, en selfs beplanning vir die beskikbaarheid van al hierdie middele. Ons sou kon sê dit sluit al ons behoeftes aan fisiese middele in.
- Let ook op hoe dit herhaaldelik uitstaan dat hierdie middele gebruik word vir die verkondiging van die koninkryk – ons kom terug hiernatoe.

Ek vermoed hierdie bede is die bede waarnatoe ons elke keer maar weer sal dryf as ons nie ag slaan op die inhoud van ons bedes nie. Hierdie is dikwels ons gunstelinggebed. Hier kan ek uiteindelik vra wat ek wil hê. Hoekom sê ek dit? Wel, kyk maar net wat gebeur wanneer ons vra vir gebedsversoeke. Ek gee toe, nie uitsluitlik nie, maar 'n baie groot persentasie van die versoeke het op een of ander manier 'n verband met ons fisiese behoeftes: iemand is fisies siek, iemand verloor sy werk, iemand het gebrek aan inkomste, die ekonomie druk, en noem maar op. Hiermee sê ek nie dis verkeerd nie – immers die vierde bede in die Onse Vader leer ons dan juis ons mag, en moet, hiervoor bid. Die feit van die saak is net: ons vergeet gewoonlik nie om hierdie bede in ons gebede te dek nie!

Die vraag wat ons oor moet besin, is: Hoekom is hierdie bede volgens Jesus bede 4, maar vir ons neig dit om bede 1 te wees? Om dit te verstaan wil ek, wat ek nou maar noem, vier **broodrealiteite** bespreek. Onthou, brood is nou ekwivalent aan al my fisiese behoeftes.

Vier Broodrealiteite:

1. Brood is nie 'n reg nie: Kom ons wees nou maar eerlik, kos, klere en geld is belangrik. Trouens, dit is essensieel om aan die lewe te bly. Dink maar net aan die coronavirus – die twee dinge wat ons ontstel is dat mense siek word en sterf, en die ekonomiese impak. En solank ons gesond is, is ons primêre bekommernis die ekonomiese impak. In ons humanistiese samelewing word daar groot klem geplaas op die regte van mense tot basiese kos en skoon water. Want, word geredeneer, sonder kos en water is lewe nie moontlik nie. Natuurlik is dit waar – maar is lewe gewaarborg?

Maar kan ek jou herinner aan die geskiedenis. In die begin het God vir Adam en Eva geskep. Hy het die tuin van Eden aangelê, en in daardie tuin was daar “allerlei bome, mooi om na te kyk, en lekker om van te eet” (Gen 2:9). Daar was net een boom waarvan hulle nie mog eet nie – maar, tipies mens, sodra hulle verbied word om van hierdie boom te eet, wil hulle juis van hierdie boom eet, al is daar hoeveel ander bome waarvan hulle mog eet en al het hulle geen gebrek aan kos gehad nie. Die gevolg is dat God vir Adam sê dat hy voortaan slegs sal kan eet deur harde werk. En God sê ook dat hy weer stof sal word – m.a.w. selfs fisiese lewe is nie gewaarborg nie.

Dink maar aan Paulus wat in 1 Tim 6:7 skryf ons het niks in die wêreld ingebring nie, en ons kan ook niks daaruit wegneem nie. Ja, kos, water en klere is essensieel om fisies aan die lewe te bly – maar die mensdom het met die sondeval die reg op lewe verloor. Tot met die wederkoms gaan almal sterwe. Sommiges gaan sterwe weens 'n gebrek aan fisiese middele. Baie gaan sterf weens fisiese ongesteldhede – d.w.s. siekte.

2. Brood is menslik gesproke onbekombaar: Kyk, ons lewe in 'n kapitalistiese stelsel. Ons ken die reëls van hierdie stelsel: wie nie werk nie, moet nie eet nie! Dit is selfs 'n Bybelse beginsel – 2 Tess 3:10 leer dit baie duidelik. En in verse 11 en 12 gaan Paulus selfs verder en hy maak dit baie duidelik dat hy hierdie leeglêers in die Naam van Jesus Christus beveel dat hulle moet werk en hulle eie brood verdien. Trouens, dit is presies in lyn met die vierde gebod: Ses dae moet jy werk! Sien dis duidelik: Werk en dan kan jy eet!

Wel, stadig nou. Natuurlik moet ons werk. As jy nie werk nie, gaan jy nie kan eet nie. Maar is die besit van fisiese middele net afhanklik van of ek werk of nie? Nee, kan ek jou herinner aan die volgende drie gedeeltes:

- Spreuke 10:22 – Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie.
- Jak 4:13-15 – Kom nou, julle wat sê: “Vandag of more sal ons na die en die stad toe gaan en ‘n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak.” Julle wat nie eers weet hoe julle lewe more sal wees nie! Julle is maar ‘n damp wat ‘n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen”.
- Lees Deut 8:15-18. Die volk is op die punt om die beloofde land in te trek, en dan herinner Moses hulle dat dit die Here is wat hulle deur die 40 jaar in die woestyn gelei het. Hy het vir hulle manna gegee om te eet, water om te drink. Hulle kon dalk dink dat dit uit eie krag is wat hulle dit alles vermag het, maar dit is God wat hulle die krag gegee het om die rykdom te verwerf (vers 18).

Wat ons moet verstaan: al werk ek my as af, al het ek die beste kwalifikasies in die wêreld, al het ek die mees indrukwekkende CV – dit is steeds God wat gee! Fisiese middele is alleen bekombaar as God gee – gewoonlik gaan dit saam met getroue en harde werk. Maar dit is steeds God se prerogatief om te gee of nie.

3. Brood is menslik gesproke gevaarlik: Deut 8 verwys na die manna wat die volk in die woestyn geëet het. Eksodus 16 verduidelik dit in meer detail – gaan lees dit gerus weer:
 - Eers murmureer die volk oor hulle nie kos het nie, soveel so dat hulle wil teruggaan na die vleispotte van Egipte – gebrek aan kos dryf mense selfs terug na sondige praktyke (Eks 16:3).
 - Wanneer God wel vir hulle kwartels en manna gee, wil hulle meer optel as wat hulle nodig het en in stryd met God se voorskrif (Eks 16:20), of hulle wil op die sabbatdag ook gaan optel (Eks 16:27) – beskikbaarheid aan kos dryf mense na sondige praktyke.
 - Lees ook wat gebeur in Deut 8:12-14. Hier gee rykdom aanleiding daartoe dat die mense hoogmoedig word, en afvallig word van God.

In Lukas 12:15 waarsku Jesus juis teen gierigheid en sê ‘n mens se lewe is nie afhanklik van die oorfloed van sy besittings nie.

Jakobus waarsku dat die beheptheid om dinge te wil hê, gee aanleiding daartoe dat daar baie rusies en bakleiery is, selfs moord! En sê hy, hulle kry nie, omdat hulle nie bid nie, en as hulle bid, bid hulle verkeerd – want hulle wil net hulle selfsugtige begeertes bevredig (Jak 4:1-3). En asof dit nie erg genoeg is nie, sê Jakobus, gaan hierdie beheptheid met besit sover dat as hierdie mense ryk is, hou hulle die loon terug van hulle werkers (Jak 5:4).

Fisiese middele is gevaarlik – beide te veel daarvan, maar ook te min daarvan. Die mens slaag telkens daarin om dit te gebruik om kwaad te bedrywe.

4. Brood is ‘n Goddelike middel tot ‘n doel: Uit die bogenoemde drie realiteite is die volgende duidelik: Ek het nie die reg op brood nie – nee, God gee dit soos wat Hy wil. Ek kan dit nie op eie meriete bekom nie – nee, God gee dit soos Hy wil. Die toegang tot brood is gevaarlik, en die afwesigheid van brood is ook gevaarlik – genadiglik is brood ‘n middel wat God gebruik om Sy doel te bereik.

Kom ons kyk weer na Deut 8. Lees verse 2-3. God het die 40 jaar in die woestyn gebruik om die volk by nederigheid te bring en hulle te beproef. Hy het die situasie gebruik om hulle harte te ontbloot. Dink hieroor:

- Eers ly hulle honger en dan voorsien God op wonderbaarlike manier die brood uit die hemel. Wat moet hulle leer: Brood is nie 'n reg nie, brood is nie iets wat ekself kan genereer nie – nee, ek ontvang brood as God dit vir my gee. Ek leef as God dit wil. As God beveel dat daar manna is, dan leef ek. Ek leef van die manna, maar dieper as dit – ek leef van God se bevel/woorde.
- As God die manna gee, vat hulle steeds kans: tel te veel op (wys op hulle luiheid en gierigheid) of tel op die sesde dag te min op (wys op hulle eiesinnigheid en gebrek aan vertrouwe teenoor God dat dit nie sleg sal word nie). Wat moet hulle leer? God gee genoeg vir elke dag! God gee ook genoeg sodat ek kan doen wat Hy wil – Hy wil dat ek rus op die sewende dag, so op die sesde dag sal daar voldoende wees.

Sien jy? Die manna is 'n instrument in God se hand. Deurdat Hy dit gee, onderrig Hy die volk. Na Hy dit gegee het en as hulle dit misbruik, dan gebruik Hy dit om hulle te leer. Dit is 'n middel in God se hand.

Lees Deut 8:18. Let mooi op. God gee aan die volk die krag om rykdom te verwerf. Hoekom? So hou Hy die verbond in stand! Dink nou hieroor: God het 'n plan – dit is Sy verbond. Volgens die verbond gaan Hy 'n groot volk in die beloofde land, wat oorloop van melk en heuning, bring waar hulle volkome gehoorsaam aan Hom moet lewe. Maar nou is hulle in die woestyn op pad na daardie beloofde land. In voorbereiding op daardie beloofde land waar hulle gehoorsaam aan Hom sal wees, moet hulle nou leer hulle is totaal afhanklik van Hom. Hy laat hulle honger ly, dan beloof Hy manna, brood uit die hemel. As Hy dit gee, leer hulle hulle afhanklikheid van Sy woord en die brood uit die hemel. Hulle moet leer om hierdie brood streng volgens God se voorskrifte te eet. Indien nie, korrigeer Hy hulle optrede. Hulle mag hierdie brood eet tot hulle die beloofde land binne gaan, dan hou dit op – want dan kan hulle eet van die vrug van die land. Die manna is 'n instrument wat God gebruik op pad na die beloofde land.

Dink nou aan ons: Ons as gelowiges is gered – dit beteken soos die volk is ons reeds uit Egipte verlos. Ons is op pad na die ewige lewe – soos die volk op pad was na die beloofde land. Ons moet gehoorsaamheid leer – soos die volk. God het destyds hongersnood en manna gebruik om hulle te leer – God gebruik ook nou fisiese middele om ons te leer.

Maar ons mag selfs meer leer as die volk: Hulle het telkens gestruikel in die woestyn, en selfs toe hulle in die beloofde land was. In die Nuwe Verbond is Jesus egter die ware manna wat uit die hemel kom – die brood van die lewe (Joh 6:31-24), Hy is ook die Woord (Joh 1:1). As ons van hierdie brood lewe, word ons nooit weer honger nie, en kan ons werklik uitsien na 'n era waar ons in volle gehoorsaamheid aan Sy wil sal lewe. Hierdie lewe kom nie deur fisiese middele nie, maar deur die ware brood. Maar goed, ons fokus vandag is op die fisiese brood – een van die instrumente wat God beheer om ons te leer ons is afhanklik van Hom, en dat ons aan Hom gehoorsaam moet wees.

Sien jy hoekom is hierdie bede die vierde bede? God se plan (verbond) is die eerste drie bedes: God se Naam moet geheilig word (eerste bede). Dit gebeur deurdat Sy koninkryk groei en meer mense deel word daarvan (tweede bede). Maar hulle moet gehoorsaam wees aan Hom (derde bede). Hoe leer hulle gehoorsaamheid? God gebruik fisiese middele om hulle te leer om nie hoogmoedig te wees nie, nederig te wees en te leer dat hulle ten diepste leef van elke woord wat uit die mond van God kom!

Implikasies vir ons gebede

Uit hierdie vier broodrealiteite spruit verskeie beginsels wat ek nou in my gebede moet gebruik:

- Brood is nie 'n reg nie. Wel, dit is juis hoekom ek daarvoor moet bid. Ek smeeek dit van God af. Ek verstaan Hy is die Gewer van die fisiese middele wat ek nodig het. Ek vra dus nederig.
- Brood is menslike gesproke onbekombaar. Wel, dit is juis hoekom ek daarvoor moet bid. Ja, ek het sekere verantwoordelikhede soos om te gaan werk, maar steeds moet ek begryp en bid dat God tog sal voorsien in my fisiese behoeftes. Ek vra dus smekend.
- Brood is menslik gesproke gevaarlik. Ons weet maar te goed hoe gevaarlik te veel fisiese middele is, en ook hoe gevaarlik te min fisiese middele is. Ek vra dus konserwatief en vir vergenoegdheid, soos in die volgende gedeeltes:
 - Spreuke 30:8-9 – Moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: “Wie is die Here?” nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie.
 - 1 Tim 6:8 – As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees
- Brood is 'n Goddelike middel tot 'n doel. Ek bid terwyl ek verstaan dat fisiese middele bloot fisiese waarde vir hierdie lewe het, maar terselfdertyd verstaan ek dat dit 'n instrument is wat God beheer om my voor te berei vir die ewige lewe. Dit is dus nie 'n onbelangrike saak nie. Daarom is daar niks mee verkeerd om aan my en ander se fisiese behoeftes aandag te gee in my gebede nie. Trouens, ek moet dit doen. Ek moet egter onthou dat waarvoor ek vra, op een of ander wyse moet bydra daartoe dat God se wil beter sal geskied, Sy koninkryk sal groei en Sy Naam geheilig word. Solank ek dit ten doel het, kan ek met vrymoedigheid bid. Fil 4:6 leer: “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles (ook in ons fisiese behoeftes) julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend”.

Sluit die vierde bede nou in dat ek mag bid vir:

- Kos op die tafel? Ja, natuurlik, met vrymoedigheid. Trouens ek moet hiervoor bid. Maar ek vra nederig, smekend en konserwatief en vra terselfdertyd dat ek dit sal gebruik om God se wil te laat geskied, en ook dat ek tevrede sal wees met wat God skenk.
- Gesondheid vir my en my dierbares, selfs in die coronavirus? Ja, natuurlik, met vrymoedigheid. Trouens ek moet hiervoor bid. Maar terselfdertyd bid ek ook nederig, smekend en veral dat God sy wil sal laat geskied. En ek onthou God se wil kan ook wees om my of my dierbare na Hom toe te neem.
- My werk of besigheid? Ja, natuurlik, met vrymoedigheid. Trouens, ek moet hiervoor bid. Maar ek vra nederig, smekend en veral dat God se wil sal geskied. Die antwoord mag soms wees dat ek my werk moet verloor of moet verander van werk, of dat my besigheid ongewilde besluite moet neem. Miskien is dit hoe God wil dat ek of my kollegas nader aan Hom sal groei.

En wat nou as ek nie weet wat om van God te vra in 'n spesifieke saak nie? Moet ek die besigheid sluit of nie? Moet ons voortgaan met mediese behandeling of nie? Wel, dan bid ek steeds – en ek maak my begeertes aan God bekend. Maar ek bid ook dat God Sy wil aan my bekend sal maak. En dan hou ek vas aan daardie waarheid: Ek mag miskien nie weet wat om spesifiek te vra nie. Maar die Heilige Gees weet wat God se wil is. En as ek bid, tree Hy namens my in volgens die wil van die Vader – en ek mag weet dat God die gebed van die Heilige Gees sal verhoor, immers bid Hy volgens God se wil. En intussen wag ek op die antwoord vanaf die Here.

Mag God ons help dat ons daaglik voor Hom sal kom met al ons fisiese behoeftes en Hom met vrymoedigheid in nederigheid sal smeeek om vir ons te gee dit wat Hy weet ons nodig het, sodat Sy wil in ons lewens sal geskied, Sy koninkryk daardeur sal groei en Sy Naam geheilig word.